Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
JUNIE 2023

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand
#C4ourself

EERSTE DONDERDAE

WINDE EN ENTOURAGE MOES MOOI TRAP

Premier Alan Winde en Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie beman 'n padblokkade op die R43.

Op een van die bene van die Premier se fietstoer deur die Wes-Kaap, het Premier Alan Winde en lede van sy provinsiale kabinet onlangs deur die Overstrand gery.

Die voorneme met die toer is om fietsry te bevorder as 'n veilige alternatiewe modus van vervoer wat gemeenskappe kan verbind en dienslewering kan versterk. Langs die pad oorhandig die entourage fietse aan verskeie skole en buurtwagte en voer gesprekke met plaaslike owerhede oor aangeleenthede verwant aan veiligheid en sekuriteit.

Om Overstrand se erns met die bou van 'n veiliger samelewing te illustreer, moes die Premier en sy mede-fietsers eers deur 'n geïntegreerde padblokkade (beman deur verkeers-, wetstoepassings- en polisiebeamptes) by die Sandbaaikruising op die R43 gaan.

"Reëls bly reëls," het die Premier toegegee en bygevoeg dat "selfs al is jy 'n besoeker, moet jy verstaan dat in hierdie provinsie almal wetsgehoorsaam moet wees".

Die Premier se besoek het saamgeval met die *First Thursday*-samekoms wat geskeduleer was om sommer net die dag daarna in Hermanus plaas te vind… voorwaar 'n samekoms wat as "onvergeetlik" in die annale opgeteken sal word!

As 'n ware demonstrasie van 'n ope regering in aksie, kon diegene wat daar was 'n bietjie kwaliteittyd daaraan wy om kwelvrae te bespreek wat buite die bestek van plaaslike regering val.

Inwoners wat die Eerste Donderdag-samekoms bygewoon het, was hoogs beïndruk met die professionele manier waarop dié samekoms, ondanks die gegons, gehanteer is.

"Na die beste van my wete, is daar geen regering elders in die wêreld wat sy burgers elke eerste Donderdag nooi om persoonlik met hulle in gesprek te tree nie, en dit maak Overstrand nogal uniek," het hy gesê.

SUIDELIKE NOORKAPPER STREK NUWE R5-MUNT TOT SIERAAD

Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, was in haar noppies toe sy hoor dat 'n suidelike noorkapperkoei en haar kalf voortaan op R5-munte gaan pryk en die Kaapse heuningby op 10c-munte.

Gegewe dat besonderhede oor Suid-Afrika se nuwe banknote en munte op die vooraand van Afrika se Reis-indaba bekendgemaak is, was sy van mening dat dié nuwe reeks beslis 'n aanknopingspunt vir vele gesprekke sou wees.

Rondom Junie elke jaar besoek suidelike noordkapers die vlak waters langs die Kaapse walviskus om te paar en te kalf.

Hierdie verskynsel het aan Hermanus die reputasie besorg as die beste plek in die wêreld waar walvisse van die land besigtig kan word gegewe die uitstekende uitsig wat die kranse al langs Walkerbaai bied.

Verskeie ander dorpe in die Overstrand, soos De Kelders en Gansbaai, bied ook uitstekende landgebaseerde uitkykpunte, wat daarop neerkom dat "besoekers in alle waarskynlikheid 'n walvis gaan sien op 'n wandeling langs een van ons ongeskonde strande of wanneer hulle ontbyt geniet op 'n patio by een van ons vele topklas-akkommodasiefasiliteite," het die Burgemeester beloof.

OVERSTRAND AS "BESTE MUNISIPALITEIT" BEKROON

Op Vrydag, 12 Mei is Overstrand aangewys as wenner in die kategorie "Beste Munisipaliteit" by 'n geleentheid in die Century City-konferensiesentrum waartydens die Wes-Kaapse regering sy toekennings vir uitnemende diens oorhandig het. Welgedaan span Overstrand!

K9-EENHEID PRONK STERT OMHOOG

Die honde-eenheid het onlangs besoek gebring aan Laerskool Gansbaai om saam met Gansbaaipolisie die kinders bedag te maak op die geware wat dwelms inhou en om hul positiewe verhouding met die SAPD te versterk. Hierdie geleentheid is te danke aan Gansbaai se gemeenskappolisiëringsforum en *1 Life Rescue* wat handgevat het met die onderwysers by die skool om die boodskap tuis te bring dat kinders hul onderwysers of 'n polisiebeampte dadelik moet sê wanneer hulle voel dat hulle bedreig word of wanneer iemand druk op hulle plaas om iets te doen wat hulle ongemaklik laat voel.

Die wyse waarop die honde lukraak dwelms en gevaarlike wapens uitgesnuffel het, het die kinders in vervoering gehad en sommige van hulle het selfs die honde van heel naby leer ken. Die oorkoepelende boodskap **"SPANWERK IS DROOMWERK"** is egter ongetwyfeld tuisgebring, naamlik dat eerder as om skugter te wees vir polisiebeamptes, kinders die beamptes met 'n geruste hart om hulp kan vra wanneer ook al nodig.

'n Paar van die leerders by Laerskool Gansbaai en hul onderwysers (agter links) Francois Gerber, Devin Sauls en Jonathan Doyle (skoolhoof); AO Woensdregt Basson (Gansbaai SAPD); lede van die honde-eenheid Velencia Solomons met Demi, inspekteur Lance Mara, en Patrick Stranfliet met Sassy; en Juston de Koker van die eenheid vir landelike veiligheid.

WAAROM **BEHEERDE BRANDE** NODIG IS

In ekologies sensitiewe gebiede soos die Overstrand waar verwoestende veldbrande nie net die lewens en bestaansmiddele van mense bedreig nie maar ook 'n verlies aan biodiversiteit tot gevolg kan hê, is beheerde brande 'n praktiese manier om te verhoed dat vlambare plantreste wat brande kan vererger, ophoop.

Sulke beheerde brande word ooreenkomstig 'n voorgeskrewe skedule onderneem ter voorbereiding vir die jaarlikse "brandseisoen" (d.w.s. daardie tyd van die jaar wanneer veldbrande waarskynlik gaan voorkom).

Daar word op hierdie skedule besluit ná omvattende oorlegpleging met CapeNature en behels samewerking met Groter Overberg se Brandbeskermingsvereniging, Overbergdistriksmunisipaliteit, Enviro Wildfire en Werk aan Vuur sowel as organisasies sonder winsbejag soos Volunteer Wildfire Services en Kogelberg Biosphere Wildlife Rescue.

Aangesien vele agentskappe betrokke is wanneer 'n beheerde brand ook al onderneem word, word 'n insidentbevelstelsel op die been gebring as 'n gestandaardiseerde manier om bevel, beheer en koördinering te behartig sowel as om op enige noodgevalle te reageer.

Voorts word brande in funksionele afdelings verdeel en 'n aangewese groep word aan elkeen toegewys wat op spesifieke doelwitte, beide vóór en ná die beheerde brand, moet fokus.

Tydens die eerste voorgeskrewe brand vir die 2023-seisoen wat 80 hektaar van die Blesberg in die omgewing van Bettysbaai behels het, het Angelo Aplon (Overstrand se assistent-brandweerhoof: operasies en opleiding) as insidentbevelvoerder opgetree.

"Ongeveer 150 mense was by die brand betrokke, waarvan 60 vrywilligers vanuit Pringlebaai, Bettysbaai en Rooi Els 'n 'natuurlewe soek-en-reddingsoperasie' vóór, tydens en ná die brand uitgevoer het," het Aplon gesê.

Oorhoofs is Aplon baie tevrede met die uitkoms van die brand en die samewerking van inwoners oor die algemeen.

Ongelukkig, soos gerapporteer deur die span van *Kogelberg Biosphere Wildlife Rescue*, kan die meeste "ongevalle" weens die brand toegeskryf word aan motoriste wat té vinnig gery het in 'n poging om van die rook te ontsnap, met die gevolg dat diertjies soos paddas, verkleurmannetjies en muishonde – wat inderwaarheid voor die vlamme gevlug het – vertrap is.

"Die hartseersaak," sê Aplon, "is dat beide Overstrand- en provinsiale verkeer die hele tyd teenwoordig was om beide die publiek en motoriste se veiligheid te verseker. So daar was regtig geen rede vir paniek of om te jaag nie."

Wat die toekoms betref het Overstrand se brandweerhoof Lester Smith gesê dat aangesien voorgeskrewe brande baie makliker is om te beheer en die skade kan beperk wat deur wegholbrande veroorsaak word, "elke moontlike weg verken sal word om die algemene publiek se volle samewerking te kry en om te verseker dat daar ten beswil van ons brose omgewing gehandel word".

Met die medewerking van CapeNature, Groter Overberg se Brandbeskermingsvereniging, Overbergdistriksmunisipaliteit, Enviro Wildfire en Werk aan Vuur sowel as Volunteer Wildfire Services en Kogelberg Biosphere Wildlife Rescue het Overstrand se Brandweerafdeling sy eerste beheerde brand ter voorbereiding vir die 2023-brandseisoen sonder voorval afgehandel. Daar om die brandbestryders en vrywilligers geluk te wens met 'n goeie stukkie werk onder aanvoering van insidentbevelvoerder Angelo Aplon was Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie, onderburgemeester Lindile Ntsabo, brandweerhoof Lester Smith, direkteur: beskermingsdienste Neville Michaels, senior bestuurder: omgewingsbestuursdienste Liezl de Villiers en biodiversiteitbewaringsbestuurder Tarron Dry.



Foto met vergunning van Joan Isham

REIS-INDABA ALLERWEË GELOOF AS 'N REUSEHUPSTOOT VIR **OVERSTRAND-TOERISME**

Ná drie dae waar daar hard aan netwerke en bemarking gewerk is by Afrika se Reis-indaba 2023 in Durban, het Munisipaliteit Overstrand se kontingent huiswaarts gekeer met die blye nuus dat om 'n afsonderlike stalletjie te beman, beslis vrugte opgelewer het.

In vorige jare is slegs 'n piepklein lessenaar as deel van die Wesgro-uitstalling aan Munisipaliteit Overstrand toegewys. Vanjaar het die span senior amptenare (onder aanvoering van dr. Annelie Rabie in haar hoedanigheid as Uitvoerende Burgemeester en voorsitter van die toerismeportefeulje) egter voluit gegaan as 'n losstaande uitstaller om die nuus wyd en syd te versprei dat Overstrand elke bietjie lof wat hom as 'n voorkeurbestemming toegeswaai is, deur en deur verdien.

Die Reis-indaba is 'n platform waar uitstallers komende van Afrika se 21 lande hul toerismeprodukte en -aanbiedings ten toon kan stel.

Overstrand is goed by Indaba 2023 verteenwoordig met Marine Dynamics wat deel was van Cape Country Routes se uitstalling; The Marine Hotel en White Shark Projects deel van African Travel and Tourism; die Arabella Hotel, Golf and Spa deel van Southern Sun; Mosaic Lagoon Lodge deel van Inspirational Places; Coot Club deel van Classic Portfolio; en Nydia Carelse deel van Hidden Gems SA Tourism, onderwyl die Grootbos private natuurreservaat en SA Forest Adventures hul eie stalletjies gehad het.

AFRIKA SE REIS-INDABA:
VOLUIT OM OVERSTRAND SE STORIE TE LAAT UITBLINK

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie, munisipale bestuurder Dean O'Neill, Overstrand-toerismebestuurder Frieda Lloyd en Gansbaai-toerisme se Glenda Kitley was daar om Overstrand te verteenwoordig.

Ook teenwoordig by die indaba was Annamarie Sales van die Pottingshedgastehuis, Charl de Kock van die Whale Coast Hotel, Madeleine Smuts van The Windsor, Alta Pretorius van Hermanus se sakekamer, en Jeanette du Toit van die Hermanus-walvisfees.

Die plan is nou om te kyk of selfs 'n meer omvattende groep belanghebbendes die Reis-indaba in 2024 kan bywoon. Die logistiek verbonde aan bywoning van só 'n indaba is egter effe gekompliseerd, so daar sal omsigtig beplan moet word.

Toerismestaatmaker skitter!

Reeds sedert 2003 woon **Glenda Kitley** (Gansbaai se toerismebestuurder) die Reis-indaba getrou by en, ewe getrou, neem sy jaar na jaar aan Noordkaap-toerisme se gelukstrekking deel.

Elke jaar skenk die diamantbedryf twee diamante as deel van die gelukstrekking waar die wenners kan wegstap met akkommodasiepryse – of een van die diamante.

Vanjaar het 'n gelukkie Glenda getref: Sy het 'n diamant gewen!

Toe sy om kommentaar oor haar indrukke van die Reis-indaba 2023 genader is, het sy gesê: "Ek het dit as heelwat meer persoonlik ervaar en is daarvan oortuig dat die bande wat daar gesmee is, sommer baie meer toeriste na die Overstrand gaan lok. Soos te verwagte was die vooruitsig van 'n haaiduik en 'n ekskursie om die see se groot vyf van nader te bekyk groot trekpleisters."